Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Innerlike krag, versterking van siel: Waar kom dit vandaan?

Skriflesing: Psalm 138

Broodjies vir die pad

"Take time to see the quiet miracles that
seek no attention"
— John O'Donohue

"You might also understand the difference between force and strength, the former pressing too hard to achieve questionable ends, the latter a deep-seated power of soul. You might notice the difference between ego power and soul power, the former anxious and self-centered. Finally, you might appreciate the paradoxes involved, where being more vulnerable in a comfortable way gives you strength, and when you have some deep strength, you can finally feel vulnerable."
— Thomas Moore, A Religion of One's Own: A Guide to Creating a Personal Spirituality in a Secular World

"A writer - and, I believe, generally all persons - must think that whatever happens to him or her is a resource. All things have been given to us for a purpose, and an artist must feel this more intensely. All that happens to us, including our humiliations, our misfortunes, our embarrassments, all is given to us as raw material, as clay, so that we may shape our art."
— Jorge Luis Borges, Twenty-Four Conversations with Borges: Interviews by Roberto Alifano 1981-1983

"Natures of your kind, with strong, delicate senses, the soul-oriented, the dreamers, poets, lovers are always superior to us creatures of the mind. You take your being from your mothers. You live fully; you were endowed with the strength of love, the ability to feel. Whereas we creatures of reason, we don't live fully; we live in an arid land, even though we often seem to guide and rule you. Yours is the plentitude of life, the sap of the fruit, the garden of passion, the beautiful landscape of art. Your home is the earth; ours is the world of ideas. You are in danger of drowning in the world of the senses; ours is the danger of suffocating in an airless void. You are an artist; I am a thinker. You sleep at your mother's breast; I wake in the desert. For me the sun shines; for you the moon and the stars. "
— Hermann Hesse

"Leonardo became known in Milan not only for his talents but also for his good looks, muscular build, and gentle personal style. "He was a man of outstanding beauty and infinite grace," Vasari said of him. "He was striking and handsome, and his great presence brought comfort to the most troubled soul."
— Walter Isaacson, Leonardo da Vinci

"Innige medelye"

met die ontmoeting
steek ons elmboë uit
masker-vas
tree nader
en spring weer teru
uitasem sê ons tegelyk
"innige medelye"
in hierdie tyd
loop ons
beklemming om die hart
desperaat vir aanraking
moet ons vergeet van eie-rou
ons steek elmboë uit
masker-vas
tree nader
en spring weer terug
"innige medelye"
die mantra van die eeu?

Diana Ferrus

"What makes a hero? Courage, strength, morality, withstanding adversity? Are these the traits that truly show and create a hero? Is the light truly the source of darkness or vice versa? Is the soul a source of hope or despair? Who are these so called heroes and where do they come from? Are their origins in obscurity or in plain sight?"
— Fyodor Dostoevsky, Notes from Underground, White Nights, The Dream of a Ridiculous Man, and Selections from The House of the Dead

"Human nature is full of riddles and contradictions; its very complexity engenders art—and by art I mean the search for something more than simple linear formulations, flat solutions, oversimplified explanations. One of these riddles is: how is it that people who have been crushed by the sheer weight of slavery and cast to the bottom of the pit can nevertheless find strength to rise up and free themselves, first in spirit and then in body; while those who soar unhampered over the peaks of freedom suddenly appear to lose the taste for freedom, lose the will to defend it, and, hopelessly confused and lost, almost begin to crave slavery.

Or again: why is it that societies which have been benumbed for half a century by lies they have been forced to swallow find within themselves a certain lucidity of heart and soul which enables them to see things in their true perspective and to perceive the real meaning of events; whereas societies with access to every kind of information suddenly plunge into lethargy, into a kind of mass blindness, a kind of voluntary self deception."

— Alexander Solzhenitsyn, Warning to the West

Elke dag begin in Zuckerberg se woordkroeg

Dana Snyman

Elke dag begin dit maar weer van voor af. Op Facebook. Veral op Facebook.

Iemand sal, sê maar, op sy Facebook-blad sê Novak Djokovic, die tennisspeler wat weier om homself teen Covid-19 te laat inent, verdien lof vir sy standpunt. Hy is 'n vegter op die voorpos vir persoonlike vryheid in hierdie tyd van die gif.

Vinnig sal een daarop reageer: "Novak is soos 'n stout kind wat sy sin wil hê." En dan brand die vuur. "Ek het nog nooit 'n tennisheld gehad nie, maar nou het ek een," sal 'n ander een skryf. Dan gryp die twee kampe mekaar. Nes die vorige dag en die een voor dít.

Gou-gou gaan dit nie meer oor Djokovic nie, nou word getwis oor die Covid-19-entstof, oftewel: Die jab. "Ek druk eerder 'n warm naald in my oog voor ek die jab vat," sal een skryf. En dalk gelukgewens word: "Ek is bly jy is ook 'n verligte mens wat jou eie navorsing gedoen het.

"Ek sal nie Bill Gates se konkoksie vat nie."

Dit lees jy baie: "Gaan doen 'n bietjie jou eie navorsing." Asof dit navorsing is om iets te google.

Uiteraard word nie net oor Covid-19 só verskil nie. Kom dit by godsdiens, die politiek, die media en ander sake gaan dit net so. En dis asof dieselfde mense altyd by dié debatte betrokke is, die name verskil soms net.

Daar is byvoorbeeld die wankelende patriarg – of dís hoe ek aan hom dink wanneer ek hom op Facebook gewaar. Hy is rondom 60 jaar oud, soms ouer, 'n Afrikaner wat al die voorregte van die ou Suid-Afrika geniet het. Sy profielfoto sê vir jou hy sukkel om vrede te maak daarmee dat hy byna bles is. Hy het op 'n CSV-kamp in 1979 laas regtig fundamentele vrae oor God en die lewe gevra, maar nou, ontnugter deur die nuwe Suid-Afrika, wil hy jou met sy verslete wyshede leer en onderrig. Angus Buchan is sy geestelike leier. Dis hy wat vir jou sê: "Jy moet ophou sanik oor apartheid, ou grootman." Dit is ook hy wat politieke korrektheid en wokeness as die bron van alle kwaad beskou, maar sê iemand iets politiek inkorrek of unwoke van 'n Afrikaner, raak hy gemeen en selfbejammerend.

En dan is daar die een wat vir jou sê jy kyk te veel CNN as jy iets negatiefs oor Donald Trump sê . . . Só kan 'n mens seker karikature maak van die verskillende mense wat jy op Facebook gewaar, en daarmee maak jy seker van jouself ook 'n karikatuur.

Wanneer ek op so 'n Facebook-gekuttel afkom, voel dit of ek pas 'n kroeg ingestap het, dis laataand en daar word vuisgeslaan. Een ou strompel rond met 'n geskeurde hemp en 'n bebloede mond, byna soos aan daardie ou wat sy saak met sulke strompelende, bebloede sinne probeer stel: "Julle liptards is amal BLM-kwalityt. Kry vi julle!!!"

Aan al hierdie dinge het ek gedink toe ek onlangs weer N.P. van Wyk Louw se opstel "Die oop gesprek" gelees het. Is die oop gesprek wat Van Wyk Louw bepleit moontlik op Facebook en die ander sosiale media?

Ek weet nie. Ek twyfel.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/elke-dag-begin-in-zuckerberg-se-woordkroeg-20220218

Brood vir die pad

Dié afsondering kan in diens staan van ander mense

In haar veelbesproke boek The Lonely Century: A Call to Reconnect (2020) fokus die ekonoom Noreena Hertz op die talle gesigte van eensaamheid in ons dag. Sy skets 'n ontstellende beeld van hoe mense, ook al van voor die pandemie, voel dat hulle deur hul medemens én instellings vergeet en versaak is. Daarom Hertz se pleidooi in ons "eeu van eensaamheid" vir 'n lewenshouding waarin ons onsself opnuut op vrygewige en sorgsame wyse aan mekaar herverbind.

Wat Hertz ook duidelik maak is dat eensaamheid nie dieselfde is as alleenheid nie. Dié gedagte is belangrik en word tereg dikwels uitgelig.

Die Protestantse teoloog Paul Tillich verwoord byvoorbeeld in sy beroemde preek "Loneliness and Solitude" – opgeneem in sy boek The Eternal Now ('n reeks preke gelewer tussen 1955 en 1963) – hierdie onderskeid soos volg: "Our language . . . has created the word 'loneliness' to express the pain of being alone. And it has created the word 'solitude' to express the glory of being alone."

Eensaamheid is inderdaad 'n pynlike realiteit en dit is belangrik dat ons op die eensaamheid in en om ons moet ag gee. Diep ervarings van eensaamheid kan 'n mens verder maklik kwesbaar maak vir valse en destruktiewe vorms van gemeenskap.

Dit kan ook bitterheid bring wat ons psige vergif en dit kan selfs oorslaan in die geneigdheid om ander leed aan te doen.

Tillich wys egter ook op 'n vorm van alleenheid (solitude) wat juis as deel van die kuur vir sodanige eensaamheid kan dien. Hy gebruik Matteus 14:23 as teksvers vir sy preek: "Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen."

Na aanleiding daarvan belig hy 'n vorm van alleenheid wat nodig is vir helderheid oor wat wesenlik is. Wat juis perspektief kan bied op wat waar, reg en goed is.

In sulke oomblikke van alleenheid kan iets met ons gebeur wat ons te midde van bedreigings die nodige moed en krag kan gee. En Tillich se punt is dat hierdie vorm van alleenwees nie teenoor gemeenskap staan nie. Nee, dit staan juis in diens van ander en geregtigheid. Soos hy dit stel: "*Love is reborn in solitude*."

In ons eeu van eensaamheid moet ons dus ook nie die brose krag van dié soort alleenheid geringskat nie. En nie die oproep vergeet waarmee Tillich sy preek afsluit nie: "In the poverty of solitude all riches are present. Let us dare to have solitude – to face the eternal, to find others, to see ourselves." – RRV

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-die-afsondering-kan-in-diens-staan-van-ander-mense-20220219

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877